# 7 April 2023 - Lesing 3 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

## Die val in die diepte is gelyk aan die gebrek aan insig - 18/257

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**No 6765** In die insien van die waarheid lê die hele geluksaligheid van 'n wese geleë. Eens het hy in die lig gestaan, in die hoogste insig en daarom was hy ook uitermate geluksalig. Want die wese het My liefde, wysheid en krag ingesien. Hy het geweet dat hy uit My voortgekom het en hy was ook op hoogte van sy bestemming. Onophoudelik was hy deur My liefdeskrag deurstraal. Daar het niks donker bestaan, niks was onduidelik vir hierdie wese nie en daar was ook niks wat die wese in sy wil en sy krag beperk het nie. Dit was 'n onuitspreeklike gelukkig stemmende toestand, 'n verblyf in die mees verligte sfere, wat - gevul met My gedagtes - ook hierdie gedagtes aan die wese kenbaar gemaak het. Dit was 'n onophoudelike oorvloei van My oerwese in al hierdie wesens wat deur My geskape was, wat ook onbeperkte saligheid in hierdie wesens teweeggebring het. Maar die toestand van die wesens het verander. Wat hulle in oorvloed toegestroom het, het hulle in vrye wil afgeweer toe die eerste deur My geskape wese (Lucifer) sy vrye wil misbruik het en hom teen My gerig het, 'n gebeurtenis wat van vêrreikende betekenis geword het vir al die geestelike wat eens uit My voortgekom het. Daardie eerste wese het inderdaad ook in die hoogste insig gestaan, want hy is geskape as My ewebeeld, hy was in niks minderwaardig aan My in sy wese nie, behalwe dat hy nie van ewigheid af bestaan het nie, maar deur My geskape is, wie Ek dus deur wil en die drang van My liefde eerste laat ontstaan het.

En hierdie wese het My die voorreg misgun om "van ewigheid af te wees", terwyl hy self 'n begin gehad het. En omdat hy nie in staat was om My te aanskou nie, werp hy homself as meester van alle geskape wesens, wie hom ook nog grotendeels as hulle meester erken het, ondanks hul helderste insig. En hy het al die eienskappe verloor wat hom as 'n goddelike wese gekenmerk het, omdat hy misbruik gemaak het van die eienskap van goddelikheid, die vrye wil en omdat hy totaal sonder enige liefde geword het. Hy het in die duisternis weggesink. En sy situasie het onsalig geword, hy was sonder lig en krag en hy het vir ewighede in hierdie ellendige toestand gebly. Maar die wil van die eersgeskape wese en ook dié van sy volgelinge was nie in staat om My Self, die Ewige Waarheid, die Lig van Ewigheid, te verdring nie. Hy kon My wel sy erkenning weier, hy kon homself van My afwend, maar hy kon My nie vernietig, uitblus, of laat vergaan nie.

Ek was en bly die Mag wat alles beheer en aan Wie ook die gevalle geestelike hulself moet onderwerp wanneer dit My wil is. Maar Ek het hom in vryheid gelaat. Ek het die wesens laat sink waarheen hulle eiesinnig gestreef het, na die diepte. Maar Ek het ook nie die wese verhinder as hy weer uit die diepte wou opstyg nie, wanneer hy weer op My sou afstuur en weer van My krag en lig wil ontvang nie. Ek het hulle eerder daarmee gehelp en het alle middele daartoe gebruik. En omdat alle insig by hulle ontbreek het, omdat hulle heeltemal sonder enige lig en enige kennis was, gee Ek hulle weereens die moontlikheid om hierdie lig te verkry. Ek laat toe dat die wesens, na 'n eindelose lang verloop van ontwikkeling, terugkeer na die toestand van insig, indien hulle bereid sou wees om dit te doen. En dit is in die stadium as mens, waar Ek die wesenlike weer die waarheid gee, om hom weer in 'n toestand van geluksaligheid te plaas, maar waar die vrye wil dit weer moet bewerkstellig.

Wat hy eens besit het, dit moet nou eers verwerf word, maar hierdie wil daartoe word uiters hoog aangeslaan en die wese bereik dan 'n graad van lig wat die vorige liggraad oortref, omdat hy nou nie net My skepsel geword nie, maar eerder My kind, wat wel die vryheid gehad het om in die diepte te bly, maar tog uit eie aandrang op die hoogte afgestuur het en nou onuitspreeklik geluksalig is omdat hy weer in die lig van die waarheid staan, omdat elke duisternis van hom gewyk het, omdat alle Goddelike eienskappe die wese volkome vervul en omdat hy nie meer deur My teenstander van My weggetrek kan word nie - daardie eersgeskape wese, wie se skuld homself van My geskei het, veel groter is en wie daarom veel meer tyd nodig sal hê om die weg van terugkeer na My af te lê, maar wat ook eendag sal besef dat die onbeperkte saligheid slegs by My, sy Vader van ewigheid af, te vinde is. Amein.